



Soldate vir Christus

Die Wapenrusting van God
Efesiërs 6:10-20

Woorde vir die lied deur Willie Joubert:

Wapenrusting

Ons stryd is nie teen vlees nie maar teen magte in die lug
God gee sy wapenrusting dat die vyand weg sal vlug
Van die krag in sy dissipels met die wapenrusting aan
Gewapen met die waarheid om teen die bose te bly staan

Ons dra die gordel van waarheid

En harnas van vryspraak

En die skoene van bereidheid om die boodskap uit te dra

Ons dra as helm verlossing

En die woord van God as swaard

En vir altyd die geloofskild

Totdat Jesus ons kom haal

Vind jou krag net in die Here

En vra van hom dag na dag

En doen dit alles biddend deur die Gees van God tot krag

Wees waaksaam bid gedurig

Trek jou wapenrusting aan

Sodat jy, soldaat vir Christus, na verlorenes kan gaan

(Herhaal die swartgedrukte gedeelte 3 maal)

Alles vir God se goedkeuring en glimlag!

**NG Gemeente
Rietfontein-Suid**



Ons Gee Om

Webadres:

<http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/>

Ons Wapenrusting-
liedjie word deur

Willie Joubert

gesing op sy album

***Die Begin Jare...
60 Minute Van Sy
Beste, Vol. 4***

Kyk gerus op
Kalahari.com
of op **Amazon**
of by jou naaste
musiekwinkel
vir die CD, sodat jy
kan saamsing!